Gelowig in goddelose gemeenskap 6 Christus straf elke misdaad in hierdie wêreld sonder verskoning, só breek Hy die magsgreep van goddeloses op gelowiges.

ds. PJ Kriel 23.08.2015

Inhoud. Goddeloses maak die openbare ampte hulle posisies van mag om mense te jag en te plunder. God maak hierdie posisies hul vangkuil waarin Hy hulle verstrik. Dit is wat God besig is om met hierdie goddelose owerheid in ons land te doen.

Skriflesing Psalm 9 en 10; Gal. 2: 15 en 16; 5: 19 – 26 DV en Rom. 13: 1-5.

Teks Ps. 10:15 Verbreek tog die magsgreep van die goddelose en van die misdadiger, straf sy misdade! Moenie een enkele van sy misdade verskoon nie.

Tema: Christus straf elke misdaad in hierdie wêreld sonder verskoning, só breek Hy die magsgreep van goddeloses op gelowiges.

1.Ons kyk weer na die tema hoe leef ons gelowig in 'n goddelose gemeenskap onder 'n goddelose owerheid.

Dawid bid gelowig en onbevange, sonder enige gewetenswroeging of selfverwyt asof gelowiges nie so iets mag doen wat hy in die Psalm doen nie: God straf elke misdaad, elke oortreding sonder enige verskoning.

Dit is nie net sy gebed tot God nie, maar die openbare posisie wat hy ook binne die gemeenskap opneem waarin hy leef: God moet elke oortreding van sy wet sonder verskoning straf.

Die vraag waarvoor dit elke gelowige stel is: Kan ons hierdie gebed bid en kan ons hierdie openbare posisie inneem: straf elke oortreding sonder verskoning in hierdie goddelose gemeenskap vandag waarin ek leef.

Wanneer laas het u só gebid?

Wanneer laas het u hierdie openbare mening en houding in hierdie wettelose gemeenskap ingeneem: niks en niemand mag vir oortredings verskoon word nie?

Want dit is die diepste magsgreep van goddeloosheid op ons as gelowiges op hierdie oomblik in hierdie land en gemeenskap: oortredings word nie gestraf nie, oortredings in die openbare lewe word verskoon.

2. Hierdie toestand is nie maar as gevolg van wanadministrasie of onbeholpenheid met die bestuur van openbare sake nie. Ons leef met die wanindruk dat misdaad wat nie gestraf word nie, gaan oor swak opgeleide amptenare en onervare gesagsdraers.

Dit is ŉ totale wanindruk en misgissing met die ware aard van die goddeloosheid waarin en waaronder ons tans leef.

Die verskoning van oortredings is die magsgreep van goddeloses op die openbare lewe. Die verskoning van onervarenheid is deel van hierdie magsgreep dat oortredings nie gestraf mag word nie.

3. Ons het verlede week in Psalm 10 gesien dat goddeloses maak die openbare amp waarin en die diens waartoe God hulle aanstel die skuilplek van hulle goddeloosheid: hulle word jagters en roofdiere die oomblik as hulle in hierdie amp en diens kom.

Dit wat God geskep en bedoel het as gesag om te diens, maak hulle die magsposisie waarin hulle nie diens leer nie maar die jagter word van hulle wat gedien moes gewees het en die rower word wat die wat gedien moes gewees het, plunder.

Die vraag is wat is die karakter van hierdie magsgreep?

Dit hoor u in Galasiërs 5.

Die karakter van hierdie magsposisie wys duidelik wanneer ons ŉ vergelyking maak van dit wat die vrug van die Gees teenoor dit wat die praktyke van die sondige aard van die mens genoem word in Galasiërs 5.

Die vrug van die Gees is nie iets bonatuurliks of, nog erger, een of ander goddelike geaardheid nie. Die vrug van die Gees is niks anders as die ware menslikheid waartoe God ons geskape het nie.

Die vrug van die Gees is God wat ons menslikheid waarmee Hy mense geskape het soos Hy hulle as mense bedoel het, weer herstel. Ware menslikheid is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dit is niks snaaks of vreemds nie. Dit is net menslik.

Dit wat sondige praktyke genoem word, is niks anders nie as onmenslikheid nie. Onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid, is hoe die mens sy menslikheid verwring en verloor om onmenslik te wees.

4. Wat is die magsgreep van ŉ goddelose mens?

Die magsgreep van goddeloosheid is dat jy aan die menslikheid van God se Woord gebind is teenoor hom, maar dat jy sy onmenslikheid moet aanvaar en verskoon as

sy manier om eintlik ŉ goeie mens te wees. Jy moet aanvaar dat dit maar net die mens is wat hy is.

Die goddelose mens roem homself daarin dat hy net homself is en jy net moet aanvaar dat hy net homself is as hy onsedelik, onrein, losbandig, kwaadwillig, vyandig, woedend, skoorsoekerig en dronk.

Jy egter sál en móét met hom soos hy homself is, nederig, goedhartig, geduldig, vriendelik en selfbeheersd wees.

Dít is ŉ magsgreep!

Hoe kan iemand dit met ŉ ander mens regkry? Jy moet menslik wees soos almal weet menslikheid is, maar jy moet mense wat onmenslik teenoor jou is se onmenslikheid op so manier verskoon, dat jy self en ander glo hierdie onmenslikheid is goedbedoeld en daarom ook maar net so menslik!

Deur die amp en diens wat God aan mense gee!

Kom ons kyk na ŉ paar voorbeelde!

ŉ Pa wat dronk is en rusies met sy kinders soek, verwag dat hulle vriendelik teenoor hom en selfbeheersd in hulle eie lewe sal wees. Hy mag dronk wees maar hulle moet selfbeheersd wees. Hierdie mag kry hy omdat hy sy amp as pa die skuilplek van sy goddeloosheid maak. Omdat ek pa en julle kinders is werk dit só: ek is dronk en jy is selfbeheersd!

Kan u dink hoe vasgevang is ŉ kind in hierdie houding! Dit is wat die Psalmsbedoel met die woorde magteloos en hulpeloos. Magteloos en hulpeloos binne hierdie magsgreep van goddeloosheid: ek is myself in my goddeloosheid en jy sal dit antwoord met alles wat goed en reg is.

ŉ Losbandige eggenoot leef sedeloos. Die wederhelf moet maar net aanvaar dat dit so is. Dit is net hy of haar menslikheid. Dit is net hoe hy of sy haarself is. Hy mag so wees maar sy wederhelf moet liefdevol en goedhartig wees.

Hoe kan mens so houding afdwing?

Want ek is jou man en jy is my vrou!

Hierdie magsgreep verkry hy of sy deur die verbintenis wat God skep as man en vrou. Hierdie eenheid wat bedoel is om die eenheid te wees vir liefde, word die skuilplek van goddeloosheid: bemagtigde sedeloosheid teenoor ontmagtigde liefde.

Arbeiders is vyandig teenoor hulle werkgewer. Hulle mag so wees maar hy moet geduldig en vredevol wees. Hulle maak jou amp om werkgewer te wees die skuilplek maak om hulle self te bemagtig om jagter en rower te wees van die een vir wie hulle moes gewerk het.

Kan u die magsgreep hoor? Omdat ek vir jou werk, mag ek met jou vyandig wees en mag ek lui wees, maar jy moet geduldig en vriendelik wees. Jy moet daarmee vrede maak omdat die wetgewer agter my as werknemer staan. As jy jou nie aan hierdie magsgreep onderwerp nie, vat ek jou CCMA toe.

5. Hoekom werk dit só in die gemeenskap en onder hierdie owerheid waaronder ons nou in ons land leef?

Ps. 10 vers 7 wys die aard van hierdie verbintenisse waarin ons nou al meer verstrik raak: Die goddelose is vol vervloeking en bedrog. Dit is meer as sommer net om magteloos kru taal te gebruik. Dit gaan oor die geesteshouding dat die goddelose in homself altyd die bemagtigde aanklaer is wat hulle wat hy aan sy wetteloosheid wil onderwerp slegmaak en verneder.

Hy dwing met geweld hierdie posisie as jagter en rower af: ek is altyd die aanklaer en jy sal altyd die verskoner wees van my wandade!

As jy in hierdie verhouding wil bly, moet jy die verskonings uitdink vir die een wat jou aankla. Welkom in die verhouding met goddeloses en goddeloosheid!

Kinders moet altyd die dronk pa wat hulle sleg sê verskoon en verontskuldig anders tref die geweld hulle!

Welkom in die posisie van gelowige in 'n godlose land onder 'n godlose owerheid! Jy en die kerk moet altyd die verontskuldigings uitdink en aanbied vir die jag en plundering wat op julle gepleeg word: die verbintenis van owerheid en onderdaan het die magsgreep van die goddelose geword.

Jy word vervloek en jy moet hierdie vervloekings oor jouself regverdig en die een wat jou vervloek se bedrog as waarheid aanvaar. Ons menslikheid word ons plig om goddeloosheid te bemagtig!

Is dit die posisie waarin Jesus Christus met sy evangelie ons in hierdie land vasvang? Ons moet die hele tyd verskonings en verontskuldigings uitdink vir mense wat sommer net losbandig is?

Dit is wat met die Christelikheid in ons land besig is om te gebeur. Ons mag nie meer volgens predikante en pastore met hierdie gebed en lewenshouding opneem nie: "Here, straf elke oortreding sonder verskoning nie. Here laat geen oortreder,

geen amptenaar, geen gesagspersoon met enige wandaad wegkom nie. Here, breek hierdie houding dat hulle nie aanspreeklik gehou mag word en verantwoording vir hulle jag en plunderhouding moet doen nie.”

Want ons in hierdie magsgreep vasvang is die algemene opvatting dat “ Ons mag nie oordeel nie en as ons so iets sou bid dan is ons onchristelik.” Daarom moet ons verskoning aanvaar en uitdink.

6. Kom ons kyk gou weer na die evangelie!

Verskoon en verontskuldig die Here jou?

Is dit die posisie wat jy voor die Here het? Jy doen sondes en die Here dink vir jou verskonings en verontskuldigings uit? Of straf die Here jou sondes?

U moet weer gaan kyk na Romeine 8. Daar staan nie dat die Here vir ons verskonings uitdink nie. Daar staan die Here pleit vir ons. Hierdie pleitposisie word duidelik uitgespel dat Jesus vir elke sonde wat ek doen aangekla, uitgelewer, oorgelewer en gestraf is.

Daar is nie een sonde wat ons doen waarvoor daar nie ŉ aanklag is nie, nie een sonde waarvoor daar nie rekenskap gevra word of waarvoor daar nie straf is nie. Die verskil is die wyse waarop die gebeur.

Wanneer Jesus vir ons pleit beteken dit dat Hy die een is wat vir hierdie sonde aangekla, veroordeel en gestraf is en vir jou daarvoor instaan. Jy dra nie self die oordeel en straf nie, maar jou sonde word veroordeel en gestraf.

Elke sonde wat jy doen word daar van rekenskap geëis en verantwoording voor gedoen. Daar is geen misdaad voor God waarvoor daar nie rekenskap en verantwoording voor is nie. Die verskil is dat Christus dit dra en nie jy nie. Dit is totaal iets anders as verskonings en verontskuldigings van jou misdrywe.

Pleit beteken om die aanspreeklikheid en verantwoording in ons plek te vat.

Daarom kan ons in gebed opstaan en vra: “Here, straf sonder verskoning alle misdaad. Here, eis rekenskap van elke misdaad.” Want wanneer ons dit doen is ons nie skynheilig nie. Dit is juis die posisie waarin Christus ons geplaas het. Ons sondes is aangespreek. Ons sondes is verreken en daarom mag ons dit van God verwag: om alle misdade sonder verskoning te straf.

8. Dit is hoe ons God as God in die openbare gemeenskap moet ontdek in hierdie Psalm. God eis openbare rekenskap!

Kom ons luister weer na verse 16 en 17 van Psalm 8 uit die nuwe direkte vertaling: "Nasies het weggesak in die vangkuil wat hulle gemaak het, in daardie vangnet wat hulle versteek het, is hulle voete vasgevang.

Die Here het Homself bekend gemaak: Hy laat reg geskied; goddelose mense raak in hulle eie handewerk verstrik."

Waarvan praat Dawid hier? Hierdie vangnet en vangkuil is openbare posisies: vaderskap, burgerskap en werknemer.

Hy praat van die openbare ampte wat God in die gemeenskap ingestel het en die openbare diens wat deur hierdie ampte aan die gemeenskap gelewer moet word.

Dit laat God vir die goddelose 'n vangnet en vangkuil word.

9. Dit is hoe ons die regering van God elke dag in hierdie goddelose gemeenskap met hierdie goddelose owerheid moet ontdek en herken. Want dit is hoe God werklik besig is om God te wees.

Die goddeloses glo hierdie openbare ampte en dienste is hulle magsmiddel waardeur hulle hul magsgreep op die openbare lewe kan afdwing: ons is onsself en julle sal en moet dit antwoord met alles wat goed en reg is terwyl julle ons wandade moet verskoon.

Hulle glo in hulle minagting van God dat daar geen God is wat aanstel en rekenskap van openbare poste eis nie. Dit is nie God se instellings nie want in hulle gemoed is daar geen God nie.

Hulle voel in hierdie poste en dienste as roofdiere en jagters bemagtig.

Wat hulle glo is gewoon net ongeloof en bygeloof. Dit is 'n totale misgissing met God. Hierdie is altyd en bly altyd middele in God se hand.

Dit is die perspektief wat in ons gemoed moet deurbreek. Hierdie middele, ampte en dienste, is dit 'n goddelose se mag om jagter en roofdier te wees, of laat God dit werk soos Hy dit laat werk: dit word vir goddeloses God se vangnet en God se vangkuil waarin God hulle verstrengel en hulle in hulle eie handewerk verstrik?

Wie s'n is dit ? Goddeloses wat hulle self jagters en rowers kan maak of is dit God se middele wat Hy gebruik soos Hy dit bestem om te werk?

Die antwoord in hierdie Psalm is, God is nie stil nie. God staan nie buite, afsydig, onbetrokke en onaangeraak oor hierdie poste en dienste nie. Dit is syne. Hy maak dit. Hy stel dit in. Hy gebruik dit.

Wanneer jy dit nie gebruik soos Hy dit laat werk nie, maak Hy dit jou vangnet en vanghok waaruit jy nooit sal kom nie.

10. Hoe doen God dit in die gemeenskap en met die owerheid?

Vers 15 beteken dat God die speurder is. In hierdie wêreld van misdaad is God self die ondersoek beampte. Hy ondersoek die boosheid in sy diepte en verborgenheid en maak die misdaad openbaar. God onthul misdaad vir wat dit is. Dit is ŉ openbaringshandeling van God self.

God self is aanklaer. Hy eis rekenskap op so wyse dat van die boosheid van goddeloosheid niks meer oor bly nie.

Dit is wie God elke dag in ŉ goddelose gemeenskap is: speurder en aanklaer.

God vernietig die beeld van menslikheid wat mense oor hulle misdade wil plaas en God self openbaar die werklike aard van die mens se sondige aard en dade as onmenslikheid: kwaadwilligheid, eie magtigheid, selfsug, gierigheid en roofsug word deur God onthul en openbaar vir wat dit is sodat dit deur die hele openbare gemeenskap geken word soos God dit bekend maak.

Hierdie Ondersoek beampte is elke dag besig om sy saak voor te berei om te wys dat hierdie is nie ŉ amptenaar nie, dit is maar net ŉ dief. Hierdie is nie ŉ gesagsfiguur nie, dit is maar net ŉ krimineel. Hierdie is nie maar net ŉ onbeholpe amptenaar nie, hierdie is maar net ŉ rower, ŉ moordenaar, ŉ skoorsoeker.

Hierdie Ondersoekbeampte sal sy saak bekend maak teen elke misdaad.

Hierdie Here maak elke misdadiger strafbaar en elke misdaad strafbaar. Dit is nie net God se mening nie. Dit is die openbare posisie wat God aan elke misdadiger gee op so wyse dat die hele gemeenskap hom strafbaar sien en rekenskap eis.

Vangnette en vanghokke vir die goddeloses!

11. Hoekom is God só God in die openbare gemeenskap en openbare lewe?

Seker een van die diepste versteurings wat in die kerk en gemeenskap plaasvind is om in hierdie handelinge van God ŉ wraakmotief te sien en ŉ wraakmotief aan toe te dig.

Wat doen God wanneer Hy op hierdie wyse God is? Dit word in 9 vers 21 openbaar: “Vervul hulle so met vrees, Here, dat hulle sal erken dat hulle net mense is.” God

laat mense net mense wees. Hy ontmagtig hulle van hulle selfgewaande goddelikheid.

God se straf is nie wraak nie, maar die magsdaad waarin God God is: Hy is God, Hy skep diens posisies en stel mense in hierdie diensposisies aan, en met sy straf maak Hy dat mense net mense kan wees. Hulle moet as mense doen wat God vir hulle sê om te doen.

Dit is ’n magsdaad waarin God wys daar is nie so onderskeid tussen die mensies wat gehoorsaam is teenoor God en die magtiges wat verhef is bokant enige aanspreeklikheid teenoor God nie. Mense wat die goddelike mag het om jou in hierdie magsgreep vas te vang: Ek doen aan jou kwaad en jy moet net aanhou goeddoen.

Daar is nie so iets soos mense wat jagters en rowers mag wees nie. God gaan hierdie mense weer mense maak, maak dat hulle uit hulle magsdrome weer in die werklikheid van God ingeruk word: jy is net mens.

Dit sal God doen deur hulle in die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid van hulle openbare posisies vas te vang en hulle boosheid só openbaar te maak vir die hele gemeenskap dat die gemeenskap hulle boosheid sal ken en van hulle soos met enige en alle ander mense rekenskap sal eis. God sal hulle so in vrees vasvang dat hulle in hulle vrees net weer mens voor God sal wees.

God handhaaf hierdie mag teenoor hierdie goddeloses: jy is net mens, niks meer en niks anders as dit nie! En dit is hoe God jou sal hou binne sy straf!

12. Is dit net die mooi praatjies van die dominee om lidmate bietjie moed in te praat of is dit die werklikheid van hoe God vandag in hierdie land God is?

Ons moet ophou om ons eie onderdrukking te glo asof mense in en deur ons bemagtig word om vir ons jagters en roofdiere te wees.

Waarmee is feitlik elke amptenaar in hierdie land mee besig op hierdie oomblik? Waarmee is die parlement besig? Waarmee is die president van die land besig?

U moet een van die vreemdste dinge wat besig is om te gebeur, raaksien. Wat is die magsmiddele in hulle hande? Dit is die mag om wette te maak en wette toe te pas. Waarmee is hierdie hele regerings elite mee besig? Wat is hulle besig om af te breek? Wetgewing en wetstoepassing!

Het een van u al net ’n bietjie tyd af geknyp om hieroor te gaan dink? Dit is die mag wat jy het en jy dink jy oor mý het, wetgewing en wetstoepassing! Hoekom breek jy

nou hierdie goed? Hoekom breek jy die polisie af? Hoekom breek jy die howe af? Hoekom breek jy die parlement af?

Dan moet u hierdie heerlikheid van God raaksien. Wat hulle gedink het, is hulle mag om jagters en roofdiere te wees, het God hul vangkuil gemaak. Dit is wat hulle nou weet: met hierdie wette wat ek gemaak het, is ek nou in ŉ vangkuil!

Hulle weet dit. Hulle is nie meer die roofdiere en jagters wat rondhardloop en jag nie. Die strikke wat hy vir die bok gestel het, het hom nou vasgevang. Met wetgewing en wetstoepassing in hulle hande het God hulle nou verstrik.

Hulle breek wetgewing en wetstoepassing af omdat hulle dink hulle kan uit die strik en vanghok waarin God hulle vasgekeer het ontsnap.

Wanneer u hulle gespartel raaksien, wie van u kan dan nog soos in die Psalm sê: "Die Here vra nie rekenskap nie. God sien nie wat gebeur nie. Ons is op ons eie. God is nie besig om te help nie. Hoe kan u nog so wil glo wanneer u sien dat die mag waarmee hulle ons wou vang is hulle vanghok en strik. So in hulle eie handwerk verstrik dat ook die lande en owerhede van die wêreld nou begin rekenskap eis."

Broers en susters, hulle breek hierdie instellings af omdat God hulle klaar vasgevang het. Hulle probeer om deur hierdie instellings af te breek uit God se vanghok en strik te ontsnap.

13. Wat doen gelowiges in so ŉ goddelose gemeenskap onder só goddelose owerheid?

Hulle roep God in gebed aan: "Here, straf elke oortreding sonder verskoning."

"Here, eis rekenskap en laat elke sonde van elke gelowige gestraf wees in Christus. Moet nie vir ons ŉ God word wat ons eie sondes verskoon nie, want dan het U as God ons aan die magsgreep van goddeloses uitgelewer. Hulle wat goddeloos is, Here, straf hulle sonder enige verskoning vir elke misdaad buite Christus."

14. As daar nou een plek is waar die Christelike Kerk en met name ook die NG Kerk met sy moderne Christelikheid besig is om deel te word van die magsgreep van goddeloses op die gelowiges, dan is dit in hierdie afgodsdiens dat God nie moet straf nie want straf is wraak en God is ŉ God van liefde en nie van wraak nie.

Met hierdie afgodsdiens is die kerk besig om mederoofdier en medejagter van die goddelose gemeenskap en owerheid te word op die gelowiges.

Hierdie saam roof en saam jag met die goddelose owerheid in die kerk klink dan so!

"Ons moet hierdie misdaad en magsgreep van misdadigers oorwin met liefde."

As jy net vriendelik genoeg is en hierdie magsgreep net elke keer met vriendelikheid beantwoord, dan sal hierdie goddelose owerheid nie meer jagters en roofdiere wil wees nie. Dit is mos dan volgens hierdie geestelikheid wat ons in Galasiërs met die vrugte van die Gees geleer word.

Dink u misdaad sal só verander? Jy moet net vir hierdie roofdiere en jagters die liefde van Jesus wys? Hoe vriendeliker ons word, hoe meer sal hulle hul houding verander!

As jy net vredevol en rustig is, sal die rusies van hierdie roofdiere en jagters waarmee hulle plunder ophou. Dink u dit sal só werk, wanneer ons hier in Levubu net vredevol en rustig is, sal die rusies van hierdie jagters en roofdiere in Vuwani, Malemulele, Masia en Masau ophou? Want, so word gesê, al wat hulle nodig het, is om die vrede van Jesus in ons lewe raak te sien!

Glo u hierdie geestelikheid?

As jy net altyd goedhartig is en goedhartig bly, dan sal hierdie goddeloses hulle houding om kwaadwillig jou in hulle magsgreep vas te vang verander!

Jy moet net elke dag voor elke kwaadwillige amptenaar met sy houding om vir jou roofdier en jagter te wees gaan staan met die goedheid van Jesus wat uit jou uitstraal, dan sal hulle jou uit hulle magsgreep laat loskom!

Gaan dit die magsgreep wegvat of net sterker maak?

Wat noem die Woord van God hierdie geloof dat jy met Jesus se gesindheid die goddelose kan laat afsien van sy mag, dat jy met jou selfbeheersing hulle gierigheid, plundering, losbandigheid en selfbemagtiging moet probeer verander?

Die Woord van God noem hierdie geloof in mag van mooi gesindhede, wat sommer as Jesus se gesindheid voorgehou word, die magsgreep van die goddelose!

Jy sal goedhartig wees terwyl ek jou roofdier en jagter is! Jy sal boer en werk en ek sal roof en plunder, want dit is net hoe dit is!

Ons kerk mag nie in hierdie sentimente invlug onder die druk van die geweld van goddeloses met die bygeloof dat ons "agente van die Here vir vrede is nie."

Daar is net een daad wat die magsgreep van misdaad verander: straf! Daarom die gebed: "Straf hulle Here sonder verskoning vir hulle misdaad."

Dink u daar is enige alternatief vir die wyse waarop God die magsgreep van goddeloosheid breek, straf, met die keuse of Christus dra elke straf en elke oordeel vir elke sonde wat jy doen sonder enige verskoning, of jy dra self hierdie straf sonder verskoning?

Daar is net een mag wat God gebruik om die magsgreep van goddeloosheid te breek: straf. Hy straf ons sonde sodat ons uit hierdie houding kan kom van: "Wie is ek om te oordeel want ek moet ook gestraf word." Jy is iemand wie elke sonde wat jy gedoen het in Christus verreken en gestraf is, sonder enige verskoning.

Daarom mag jy nie verskonend wees asof jy ook maar vir jou sondes verskoon word deur Jesus nie.

As gelowiges moet ons in hierdie goddelose land onder hierdie goddelose owerheid die volgende openbare posisie inneem: hier moet openbare aanspreeklikheid aanvaar word en hier moet openbare verantwoording gedoen word!

Sonder verskoning vir enige misdaad!

Kom ons breek met hierdie sentimentele houdings waardeur ons dink ons ʼn ander wêreld kan skep as die een waarin ons leef. As ek oulik is gaan ek die magsgreep van misdadigers verander! Dit is ʼn illusie.

Breek ook met die illusie dat ons niks kan doen nie. U mag nie glo ons moet werk en hulle mag plunder nie. Want dan glo u ook net soos al die goddeloses daar is nie ʼn God wat rekenskap eis nie.

In hierdie wêreld sien en glo dit. In hierdie wêreld is God die speurder. Hy sal elke misdaad openbaar laat wees wat dit is sonder verskoning: misdaad. Hy sal ontbloot dat almal kan sien dit is net misdaad. Verskonings sal dit nie anders maak nie.

Hierdie wêreld is God se wêreld en Hy laat dit werk soos Hy dit ingestel het en gebruik.

Kom ons bid: "God straf elke misdaad sonder verskoning: hulle wat in U glo in Christus en hulle wat godloos is in hulle self." "Breek die magsgreep van die goddelose, straf misdaad. Here, hoor ons."

Eksegetiese notas.

Gelowig in goddelose gemeenskap 6 Christus straf elke misdaad in hierdie wêreld sonder verskoning, só breek Hy die magsgreep van goddeloses op gelowiges.

Psalm 9 en 10.

1. Straf misdaad sonde verskoning.
2. Goddeloses maak die openbare amp waarin en die diens waartoe God hulle aanstel die skuilplek van hulle goddeloosheid: jagter en roofdier
3. Dit is werklike onderdrukking en bedruktheid volgens God se Woord.
4. Die karakter van hierdie magsgreep: Gal. 5 jy moet wees soos vrugte van Gees en goddelose mag wees soos sy sondige aard is.
5. Die Goddelose se sondige aard moet verskoon word asof dit eintlik die goeie aard is – menslikheid!
6. Hoekom verskoon? Omdat in amp en diens is! Rom. 13. word só verstaan!
7. God breek die magsgreep deur hulle skuilplek hulle vangkuil en vangnet te maak: hy openbaar die aard van hulle goddeloosheid.
8. God eis rekenskap: ondersoek en onthul vir wat dit is en eis rekenskap vir wat hulle doen.
9. Nie wraak motief nie: "wyse waarop erken dat hulle net mense is, nie bokant menslikheid verhewe is nie."
10. Kerk versterk die magsgreep van goddelose: nie straf nie maar wen met die regte gesindheid: vrugte van Gees sal sondige aard oorwin en wen!
11. Net een wyse waarop misdaad en kriminaliteit ingeperk en uitgewis word – openbare rekenskap van die kwaad.
12. Mag ons só wees en só bid? Ons wat self sonde doen? Dit is hele magsbasis van goddelose owerheid en gemeenskap – verskoon mekaar in misdaad: nie evangelie nie. Ons sonde is verreken, nie een verskoon nie. Daarom mag ons so posisie in gemeenskap inneem: straf sonder verskoning!